Attention is drawn to the fact that the series for which seasonally adjusted figures appear in the *Quarterly Bulletin*, have been revised. The main reasons for this revision are firstly, the use of an improved computer program for seasonal adjustment, viz. "The X-11 Variant of the Census Method II Seasonal Adjustment Program" of the U.S. Bureau of the Census and, secondly, revisions brought about in the basic data. The Bank intends to revise the seasonal factors annually in future.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Vernaamste verwikkelinge

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1967 van sy dryfkrag verloor het, het die opswaai in totale besteding en in algemene ekonomiese aktiwiteit in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gedurende die tweede kwartaal en, sover as wat uit die beskikbare statistiek geoordeel kan word, ook gedurende Julie en Augustus, teen 'n redelik vinnige koers voortgeduur. Daar was geen aanduidings van enige algemene resessieneiging gedurende hierdie tydperk van vyf maande nie. Inteendeel, indien enigiets, het die opswaai geneig om van die dryfkrag wat dit vroeër in die jaar verloor het terug te kry. Die gevolg was dat, alhoewel die bedrywigheid in sekere sektore van die ekonomie geneig het om te verlangsaam, die druk wat deur die totale vraag op arbeid, kapitaal en ander skaars hulpbronne uitgeoefen is, oormatig gebly en matige inflasie voortgeduur het.

Die tekort in die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die tweede kwartaal groot gebly en ondanks 'n redelik skerp styging in die uitvoer ná die middel van die jaar, slegs matig gedurende Julie en Augustus afgeneem. Weens 'n aansienlike toename in die netto invloeiing van private kapitaal is die afwaartse beweging in die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes egter gedurende Junie en Julie in 'n matige toename omskep, gevolg deur 'n klein afname in Augustus.

Die vraag na uitleenbare fondse van feitlik alle soorte het buitengewoon sterk gebly en, alhoewel spesiale faktore tot 'n tydelike daling in die skatkiswisselkoers in Augustus gelei het, het toestande in die finansiële markte in die algemeen verder vernou. Totale geld en kwasi-geld, wat 'n seisoensdaling gedurende die eerste kwartaal van 1967 getoon het, het gedurende die tweede kwartaal sterk gestyg voordat dit weer gedurende Julie gedaal het. Nadat dit gedurende die eerste kwartaal 'n skerp seisoensdaling getoon het, het die netto krediet wat deur die banksektor aan die regeringsektor verleen is gedurende die tweede kwartaal aansienlik toegeneem, maar daarna gedurende Julie weer afgeneem tot 'n syfer wat laer was as dié wat aan die einde van 1966 aangeteken is. Totale bankkrediet aan die private sektor het egter gedurende die tweede kwartaal weer aansienlik toegeneem en, weens 'n skerp styging in die voorskotte van die Landbank, voortgegaan om gedurende Julie te styg. Gedurende Augustus het die Reserwebank se beperkende kredietbeleid 'n merkbare afname in die handelsbanke se diskonterings en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, tot gevolg gehad, maar die effek hiervan op geld en kwasi-geld

is min of meer geneutraliseer deur 'n verdere toename in Landbankvoorskotte om die rekord mielie-oes te finansier.

Nasionale rekeninge¹

Bruto binnelandse produk


Nadat dit gedurende die laaste helfte van 1966 en die eerste kwartaal van 1967 teen 'n relatief lae koers toegeneem het, het die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gedurende die tweede kwartaal van 1967 teen 'n aansienlik versnelde tempo gestyg. Hierdie versnelling was hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, toe te skryf aan 'n aansienlike toename in die toegevoegde waarde van die landbou; die bydraes van fabriekswese en vervoer het ook aanmerklik toegeneem. Ondanks verdere prysstygings dui voorlopige aanduidings daarop dat die *reële* bruto binnelandse produk ook gedurende die tweede kwartaal teen 'n baie hoë koers toegeneem het.

Bruto binnelandse besteding

Bruto binnelandse besteding het insgelyks gedurende die tweede kwartaal van 1967 teen 'n vinniger tempo as gedurende die eerste kwartaal toegeneem en het die bruto nasionale produk met 'n ietwat groter bedrag oorskry, sodat die tekort in die betalingsbalans in lopende rekening ook effens vergroot het.



¹ Die ontleding in hierdie deel van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, ná uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallikse verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.




Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1967 skerp gedaal het, het private vaste investering gedurende die tweede kwartaal horisontaal beweeg. Die vaste kapitaalbesteding van openbare korporasies het eweneens min verandering getoon, terwyl openbare owerhede daarin geslaag het om hul vaste investering ietwat te verminder. Voorraadinvestering daarenteen het verder toegeneem, hoofsaaklik weens 'n aansienlike toename in handels- en landbouvoorrade.

Private verbruiksbesteding het gedurende die tweede kwartaal 'n aansienlike verdere toename getoon, terwyl die lopende besteding van openbare owerhede, wat gedurende die voorafgaande drie kwartale in werklikheid gedaal het, weer skerp opwaarts beweeg het.

Algemene ekonomiese aanwysers

Verdere bewyse van die voortgesette lewendigheid van die ekonomie gedurende die tydperk April tot Augustus word gevind in die gedrag van ekonomiese aanwysers soos bankdebiteringe, die volume van fabrieksproduksie, spoorweginkomste, bouplanne goedgekeur, vaste eiendomstransaksies en die aantal nuwe motors en nuwe handelsvoertuie verkoop, alhoewel die beskikbare statistiek nie in alle gevalle die volle periode van vyf maande dek nie. Dit is veral betekenisvol dat die seisoensaangesuiwerde indeks van die volume van fabrieksproduksie, wat geneig het om gedurende die eerste kwartaal van 1967 gelyk te verloop, skerp gestyg het van 188·2 in Maart tot 204·1 in Mei, veral as gevolg van toenames in die kategorieë basiese metale en tekstiele, klerasie en skoeisel.

Die voortsetting van stram toestande in die arbeidsmark word weerspieël in die feit dat die seisoensaangesuiwerde indeks vir geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asië (1958 = 100) dwarsdeur die tydperk onder bespreking op 'n buitengewoon lae vlak gebly en slegs 70·6 in Julie beloop het, teenoor 71·6 in Desember 1966.



Pryse

Ná 'n styging van 3·8 persent tussen Desember 1965 en Desember 1966, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks verder teen 'n jaarlikse koers van 3·0 persent tussen Desember 1966 en Julie 1967 toegeneem. Terwyl voedselpryse teen 'n jaarlikse koers van 4·7 persent gedurende die laasgenoemde periode toegeneem het, in vergelyking met 4·4 persent gedurende 1966, het die jaarlikse koers van toename van ander pryse van 3·5 persent gedurende 1966 tot 2·3 persent gedurende die eerste sewe maande van 1967 gedaal. Die jaarlikse koers van toename van die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het insgelyks van 4·5 persent gedurende 1966 tot 2·7 persent tussen Desember 1966 en Julie 1967 verlangsaam.

Betalingsbalans

Tekort op lopende rekening

Soos in meer besonderhede in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* aangedui is, het invoere en uitvoere gedurende die tweede kwartaal van 1967 min verandering getoon vergeleke met die eerste kwartaal en het die lopende rekening gevolglik steeds 'n aansienlike tekort getoon. Gedurende die tweede kwartaal het hierdie tekort R96 miljoen bedra, wat gelykstaande aan 'n seisoensaangesuiwerde jaarlikse koers van R360 miljoen was.

Gedurende Julie en Augustus het die lopende tekort egter effens afgeneem toe die uitvoer aansienlik toegeneem het en die invoer, nie teenstaande die verdere verslapping van invoerbeheer in Mei, rondom 'n min of meer horisontale vlak bly skommel het.

Groot netto invloeiing van kapitaal

Die netto invloeiing van private kapitaal wat gedurende die eerste kwartaal van 1967 tot R18 miljoen afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal tot R89 miljoen toegeneem. Langtermynkapitaal het R43 mil-



joen van hierdie totaal uitgemaak, hoofsaaklik in die vorm van portefeulje-kapitaalbeleggings, dit wil sê lenings toegestaan aan en effektebeleggings in organisasies wat inwoners van Suid-Afrika is. Die oorblywende R46 miljoen verteenwoordig korttermynfondse, met insluiting van handelskrediete asook foute en onaangetekende transaksies in die betalingsbalansramings.

Sentrale regerings- en banksektorkapitaal het daarenteen 'n verdere netto uitvloeiing van R36 miljoen gedurende hierdie tydperk getoon. Hierby is netto terugbetalings van buitelandse lenings van die Regering ten bedrae van R20 miljoen ingesluit.

Volgens voorlopige aanduidings was die netto invloeiing van kapitaal gedurende Julie en Augustus weer aansienlik.

Goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes gehou deur die Reserwebank, die Regering en die res van die banksektor het gedurende April en Mei met R59 miljoen tot R455 miljoen aan die einde van Mei afgeneem, voordat dit gedurende Junie weer met ongeveer R16 miljoen en gedurende Julie met ongeveer R17 miljoen tot omtrent R488 miljoen aan die einde van Julie toegeneem het. Gedurende Augustus het die totale reserwes effens gedaal tot ongeveer R480 miljoen aan die einde van daardie maand.



Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal, hoofsaaklik as gevolg van seisoensfaktore, 'n afname van R84 miljoen getoon het, het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal met R123 miljoen gestyg. Dit is deur 'n verdere afname van R47 miljoen gedurende Julie gevolg, sodat die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld aan die einde van Julie per saldo R8 miljoen laer was as aan die einde van 1966 en slegs R77 miljoen (3 persent) bo die peil van Julie 1966 gestaan het.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die styging van R123 miljoen gedurende die tweede kwartaal voorgekom ondanks 'n afname van R41 miljoen in die netto goud- en buitelandse valuta-reserwes en moes dit hoofsaaklik aan 'n toename van R103 miljoen in die banksektor se netto eise teen die regeringsektor oor hierdie tydperk toegeskryf word. Hierdie laasgenoemde toename was egter gedeeltelik 'n seisoensverskynsel en het gevolg op 'n afname van R118 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal, wat ook grotendeels van 'n seisoensaard was. Daarbenewens het die banksektor se eise teen die private sektor met 'n verdere R86 miljoen toegeneem, wat die totale toename oor die eerste helfte van die jaar op R198 miljoen te staan gebring het. Die aansienlike verdere styging in hierdie eise gedurende die tweede kwartaal het grotendeels 'n toename in die beleggings van handelsbanke en die Nasionale Finansiële korporasie

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

(Verandering in gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor)
(R miljoene)

	1966		1967		Julie
	3de kw.	4de kw.	1ste kw.	2de kw.	
Verandering in geld en kwasi-geld:					
Geld	6	42	-75	94	-74
Kwasi-geld	67	6	-9	29	27
Totaal	73	48	-84	123	-47
Oorsake van verandering:					
Netto goud- en buitelandse valuta-reserwes	16	-9	-68	-41	19
Eise teen regeringsektor	83	30	-158	49	15
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-100	10	40	54	-60
Netto eise teen die regeringsektor	-16	40	-118	103	-45
Eise teen private sektor	69	78	112	86	18
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-23	-32	-12	-33	-9
Ander bates en laste	28	-29	2	8	-30
Totaal	73	48	-84	123	-47

weerspieël, alhoewel die banke se diskonteringe en voorskotte gedurende hierdie tydperk ook 'n verdere styging getoon het.

Die daling van R47 miljoen in die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende Julie was hoofsaaklik



die gevolg van 'n afname van R45 miljoen in die banksektor se netto eise teen die regeringsektor, wat die totale afname in hierdie eise oor die eerste sewe maande van 1967 op R60 miljoen te staan gebring het. Nieteenstaande die uitwerking van die beperkende kredietmaatreëls, het die eise teen die private sektor gedurende Julie nog met R18 miljoen toegeneem, maar dit moet in hoofsaak aan 'n toename van R65 miljoen in die voorskotte van die Landbank, wat op sy beurt weer in verhoogde mate van krediet van die Reserwebank en van ander monetêre banke gebruik het, toegeskryf word.

Bankkrediet

Teen die einde van April het die diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor (met uitsondering van die Landbank) van handelsbanke en monetêre huurkoop-, algemene en spaarbanke tot ongeveer R138 miljoen bo die „plafon” wat vir September 1967 gestel is, gestyg. Hierdie syfer het egter verskeie bedrae waarvoor magtiging bo die plafon verleen is, soos krediet aan sekere openbare korporasies en vir die finansiering van spesiale invoere van strategiese belang, ingesluit. Gedurende die daaropvolgende vier maande het hierdie banke hul diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor egter so aansienlik verminder dat hul „nie-vrygestelde” krediet aan die einde van Augustus volgens voorlopige aanduidings slegs matig bo die limiet wat vir September gestel is, te staan gekom het.



Die amptelike kredietbeleid is op 11 Augustus 'n stap verder gevoer toe 'n proklamasie in die Staatskoerant gepubliseer is wat aan die Reserwebank bevoegdheid verleen het om „bevele en reëls uit (te) vaardig wat, direk of indirek, verband hou met of enige betrekking het op kredietverlening” deur bankinstellings. Verder is voorsiening gemaak vir strafmaatreëls in die geval van versuim om aan enige voorskrif wat op hierdie wyse uitgereik is, te voldoen. Dit is opgevolg deur 'n kennisgewing in die Staatskoerant van 25 Augustus wat nie slegs regsgeldigheid gegee het aan die versoek wat voorheen deur die Reserwebank gedoen is met betrekking tot die peil van die diskonteringe, lenings en voorskotte van die monetêre banke aan die private sektor soos op 30 September 1967 nie, dit wil sê 92½ persent van die betrokke bedrag soos op 31 Maart 1965, maar dit ook tot ná September verleng het.

Korttermyn-rentekoerse

Nadat dit gedurende die tweede kwartaal en Julie tussen 5 en 4¾ persent geskommel het, het die skatkiswissel-tenderkoers vanaf 4.97 persent op 28 Julie tot 4.70 persent op 8 September gedaal voordat dit weer tot 4.78 persent op 22 September gestyg het.

Die daling gedurende Augustus en die eerste week van September het hoofsaaklik verband gehou met die skepping van buitengewoon groot bedrae aan krediet deur die Reserwebank vir die Landbank om laasgenoemde te help om die besonder groot mielie-oes te finansier. Dit het vanselfsprekend die likwiditeit van die monetêre banke, en in die besonder die bedrag aan daggeld wat deur hulle by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie gehou is, vermeerder. Die weeklikse aansoeke om skatkiswissels het gevolglik skerp toegeneem en hoewel die bedrae wat aangebied is, verhoog is, het die tenderkoers op hierdie wissels soos hierbo aangedui is, gedaal. In werklikheid sou die koers waarskynlik verder gedaal het indien die Reserwebank nie onder spesiale terugkoop-ooreenkomste aansienlike bedrae aan Landbankwissels aan die diskontohuise verkoop het nie. Meer onlangs het die owerheid ook addisionele wissels op aanvraag aan die geldmark beskikbaar gestel en dit het waarskynlik bygedra tot die effense styging in die tenderkoers ná 8 September.

Staatsfinansies

Skatkisfinansies het gedurende die tydperk April tot Augustus 1967, dit wil sê die eerste vyf maande van die huidige boekjaar, 'n baie bevredigende beeld vertoon. Soos die meegaande tabel toon, het die totale tekort, uitgesonderd lenings, gedurende hierdie periode slegs R38 miljoen bedra, wat R92 miljoen minder was as die tekort gedurende die ooreenstemmende tydperk die 1966/67-boekjaar. Bowendien het leningsfondse wat gedurende hierdie vyf maande van die Staatskuld-

kommissaris (R49 miljoen) en die private nie-banksektor (R45 miljoen) ontvang is, hierdie tekort meer as gedek en is die Skatkis in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor en die monetêre banksektor met R30 miljoen en R26 miljoen onderskeidelik te verminder. Die Skatkis was, met ander woorde, weer in staat om, soos in die voorafgaande drie kwartale, nie alleen sy totale lopende en kapitaaluitgawes sonder gebruikmaking van bykomstige bankkrediet te finansier nie, maar ook om 'n matige vernouende invloed op die likwiditeit van die private sektor uit te oefen.

Skatkisfinansies (R miljoene)

	Boek- jaar 1966/ 67	1967			
		April- Junie	Julie	Aug.*	April- Aug.*
Totale oorskot of tekort, uitgesonderd lenings	-340	-41	-2	5	-38
Finansiering:					
Verandering in skuldposisie teenoor:					
Buitelandse sektor	-15	-23	-2	-5	-30
Private nie-banksektor	167	18	26	1	45
Staatskuld-kommissaris	165	38	3	8	49
Betaalmeestergeneraal en bestaans-beveiligingsfondse	-1	20	-20	—	—
Subtotaal	316	53	7	4	64
Monetêre banksektor:					
Verandering in besit aan staatspapier	60	25	20	33	78
Verandering in skatkissaldo (toename -, afname +)	-36	-37	-25	-42	-104
Subtotaal	24	-12	-5	-9	-26
Totale finansiering	340	41	2	-5	38

*Voorlopige ramings

Kapitaalmark

Opbrengskoerse op langtermyn-effekte en -obligasies

Die vraag na feitlik alle soorte fondse in die kapitaalmark het dwarsdeur die tydperk April tot Julie 1967 buitengewoon sterk gebly en, hoewel die Reserwebank se stel koerse vir langtermyn-staatseffekte onveranderd gebly het, het die opbrengskoerse op langtermyn-effekte uitgereik deur plaaslike owerhede en openbare korporasies vanaf 'n vlak van ongeveer 7.2 persent tot 7.26 persent toegeneem. Dit het meegebring dat die marge tussen hierdie opbrengskoerse en dié op langtermyn-staatseffekte tot $\frac{3}{4}$ persent gestyg het. Verder het die opbrengskoers op nuutuitgereikte obligasies van maatskappye vanaf ongeveer 8 persent gedurende die tweede kwartaal tot $8\frac{1}{4}$ persent in Julie toegeneem.

Aandelepryse en -opbrengskoerse

Nadat dit sterk gestyg het tot 'n hoogtepunt in April, het die pryse van finansiële, nywerheids- en handelsaandele gedurende die daaropvolgende twee maande geneig om te daal, hoewel finansiële aandele weer klein toenames gedurende Julie aangeteken het. Die afwaartse neiging in die pryse van goudmynaandele het gedurende die tydperk onder beskouing voortgeduur.

Die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele het tot 10.6 persent in Julie gestyg, terwyl dié op nywerheids- en handelsaandele vanaf 4.4 persent in April tot 4.8 persent in Junie toegeneem het.

Bouverenigings

Die bouverenigings het daarin geslaag om hulle uitstaande verband- en ander lenings met R36 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1967 uit te brei, vergeleke met R20 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1966 en R25 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1967. Gedurende Julie is 'n verdere toename van R12 miljoen aangeteken. Hierbenewens is 'n bedrag van R3 miljoen by hulle likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings gedurende die vier maande April tot Julie 1967 gevoeg.

Ná die verhoging in sommige van hulle deposito-koerse gedurende Maart 1967, het die verenigings gedurende die tydperk April tot Julie daarin geslaag om hulle vaste deposito's met R49 miljoen te laat toeneem. Hulle spaardeposito's en aandeelkapitaal het, gedeeltelik as gevolg van seisoensinvloede, met R14 miljoen afgeneem, met die gevolg dat hulle totale middele met R35 miljoen gedurende hierdie vier maande gestyg het.

Effektetrusts

Vergeleke met R7 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1966 en R10 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1967, het die netto bedrag wat deur die algemene publiek by effektetrusts belê is, in totaal R12 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1967 en R3 miljoen gedurende Julie bedra. Gedurende die laasgenoemde vier maande het die trusts se netto bates, dit wil sê totale bates teen markwaarde min korttermynverpligtings, met ongeveer R14 miljoen toegeneem en op R50 miljoen aan die einde van Julie te staan gekom.

Die verkooppryse van onderaandele, wat hoofsaaklik die netto batewaarde per onderaandeel weerspieël, het opwaarts beweeg tot aan die einde van April, maar gedurende die daaropvolgende twee maande gedaal voordat dit aan die einde van Julie op 'n vlak effens hoër as dié aan die einde van Junie gestabiliseer het. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele, wat tot 3.4 persent aan die einde van April gedaal het, het effens toegeneem tot 3.5 persent aan die einde van Julie.

Proklamasie*

van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 184, 1967.)

Bevoegdheid verleen aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank om bevele en reëls uit te vaardig wat, direk of indirek, verband hou met aangeleenthede wat 'n uitwerking of enige betrekking het op kredietverlening deur bankinstellings.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), soos gewysig, maak ek hierby die volgende regulasie:

1. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, bevele en reëls uitvaardig wat, direk of indirek, verband hou met of enige betrekking het op kredietverlening, ongeag die vorm daarvan, deur enige instelling wat geregistreer of voorlopig geregistreer is onder die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), soos gewysig.

2. Enige bevele of reëls waarna in paragraaf 1 van hierdie regulasie verwys word, sal in werking tree op die datum wat gespesifiseer is in die kennisgewing in daardie paragraaf vermeld, of by gebrek aan spesifikasie, vanaf die datum van publikasie daarvan.

3. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, deur 'n verdere kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige kennisgewing wat ingevolge paragraaf 1 van hierdie regulasie gepubliseer is, wysig, verander of terugtrek met ingang van die datum wat in sodanige verdere kennisgewing gespesifiseer is en, by gebrek aan spesifikasie, die datum van publikasie daarvan.

4. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan, behoudens die goedkeuring van die Minister van Finansies, by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur skriftelike of ander mededeling, welke kennisgewing of mededeling gewysig, verander of teruggetrek kan word deur middel van 'n verdere kennisgewing in die

Staatskoerant of mededeling, na gelang van die geval—

(a) enige of al sodanige bevele en reëls in die geheel of gedeeltelik van toepassing maak op enige enkele instelling of op enige groep of kategorie van instellings of op alle instellings wat aldus geregistreer of voorlopig geregistreer is;

(b) voorwaardelik of onvoorwaardelik, in die geheel of gedeeltelik, enige enkele instelling of enige groep of kategorie van instellings wat aldus geregistreer of voorlopig geregistreer is, vrystel van enige of al sodanige bevele en reëls.

5. Enige instelling aldus geregistreer of voorlopig geregistreer wat versuim om te voldoen aan die bepalings van enige kennisgewing wat kragtens paragrafe 1, 3 en 4 van hierdie regulasie gepubliseer is of enige skriftelike of ander mededeling waarna in paragraaf 4 van hierdie regulasie verwys word, sal skuldig wees aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete van nie minder nie as R25,000 (vyf-en-twintigduisend rand) maar nie meer nie as R250,000 (tweehonderd-en-vyftigduisend rand): Met dien verstande dat, indien daar ná verloop van 'n tydperk wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gespesifiseer mag word en wat gereken sal word vanaf die datum van sodanige skuldigbevinding, in die geheel of gedeeltelik in gebreke gebly word om te voldoen aan die voornoemde bepalings, die genoemde instelling aan 'n verdere misdryf skuldig sal wees en by skuldigbevinding strafbaar sal wees met 'n verdere boete, die bedrag waarvan tussen die voornoemde limiete sal val.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tweede dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

J. F. Naudé,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade,
N. Diederichs.

*Gepubliseer in 'n *Buitengewone Staatskoerant* op 11 Augustus 1967.

Kennisgewing in Staatskoerant

No. 1280.) (25 Augustus 1967

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Ingevolge Proklamasie No. R. 184, 1967 word die volgende bevel uitgevaardig:

Elke bankinstelling wat geregistreer of voorlopig geregistreer is onder die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965) soos gewysig, en wat ingevolge artikel *sestien* van die genoemde Wet verplig is om 'n reserwesaldo by die Suid-Afrikaanse Reserwebank in stand te hou, moet verseker—

1. dat soos op 30 September 1967 en soos aan die einde van elke daaropvolgende kalendermaand, die totale bedrag van sy eise teen die private sektor, welke eise vir die doeleindes van hierdie kennisgewing gedefinieer word as bestaande uit bateposte Nos. 6 (*b*) en (*c*), 10, 11, 12, 13 (*f*) en (*g*), 14 en 15, wat verskyn in sy kwartaalstaat ingedien by die Registrateur van Banke ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die bogemelde Wet, nie 92½ (twee en negentig en 'n half) persent van die totale bedrag van dieselfde eise as wat in sy kwartaalstaat vir 31 Maart 1965 verskyn, oorskry nie, tensy enige oorskryding deur kennisgewing in

die *Staatskoerant* of in skrif deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gemagtig is of was; en

2. dat, afgesien daarvan of die totale bedrag van die eise genoem in paragraaf 1 van hierdie Kennisgewing soos op 30 September 1967 of soos aan die einde van enige daaropvolgende kalendermaand, 92½ (twee en negentig en 'n half) persent van die totaal van dieselfde eise wat in sy kwartaalstaat vir 31 Maart 1965 verskyn, oorskry of nie, 'n gesertifiseerde staat binne 31 (een en dertig) dae na die einde van enige sodanige kalendermaand aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorgelê word wat in sulke besonderhede soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vereis mag word, aantoon of dat die totale bedrag van die eise aan die einde van die betrokke kalendermaand nie 92½ (twee en negentig en 'n half) persent van die totaal van dieselfde eise soos aan die einde van Maart 1965 oorskry nie, of, indien dit wel laasgenoemde totaal oorskry, die oorskryding deur kennisgewing in die *Staatskoerant* of in skrif deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gemagtig is of was.

T. W. de Jongh,
President.

Opmerkings oor tabelle

Tabel S-37:

Private pensioen- en voorsorgfondse

'n Nuwe tabel wat statistiek van private pensioen- en voorsorgfondse bevat, word in hierdie *Kwartaalblad* aangebied. Hierdie fondse beklee 'n vername plek in die Suid-Afrikaanse finansiële struktuur. Hulle dien nie alleen as 'n belangrike kanaal vir persoonlike kontrak-tuele besparing nie maar, as groot institusionele be-leggers, is hulle terselfdertyd 'n belangrike bron van langtermynfondse vir die openbare sowel as die private sektor. Die jaarlikse finansiële vloeï deur private pensioen- en voorsorgfondse as finansiële tussen-gangers beloop tans sowat R120 miljoen, terwyl voor-loopige gegewens toon dat hulle totale bates ongeveer R1,115 miljoen aan die einde van 1966 bedra het.

Private pensioen- en voorsorgfondse moet onder-skei word van staatspensioenfondse wat bestaan uit fondse wat deur die Sentrale Regering, provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ingestel is. Bydraes tot staatspensioenfondse word by die Staatskuldkommissaris geplaas wat hierdie fondse hoofsaaklik in staatspapier en, in 'n mindere mate, in effekte van openbare korporasies en plaaslike ower-hede belê. By wyse van vergelyking kan daarop gewys word dat bydraes tot staatspensioenfondse tans on-geveer R100 miljoen per jaar beloop, terwyl die totale bates van hierdie fondse aan die einde van 1966 op ongeveer R1,160 miljoen te staan gekom het.

Die werksaamhede van private pensioen- en voor-sorgfondse in Suid-Afrika word omvattend kragtens die Wet op Pensioenfondse van 1956, soos gewysig, beheer. Vir doeleindes van die administrasie van die Wet word 'n onderskeid tussen die volgende soorte pensioenfondse gemaak:

- (a) Fondse wat kragtens ooreenkomste ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 ingestel is, die voortbestaan waarvan van die voortsetting van die ooreenkomste afhang;
- (b) Buitelandse fondse, d.w.s. fondse wat deur werkgewers met hoofkantore buite Suid-Afrika ingestel is;
- (c) Staatsbeheerde fondse, d.w.s. fondse wat aan so 'n mate van amptelike beheer onderhewig is dat hulle, in soverre dit hulle finansiële vermoë en die wyse waarop hulle besigheid gedoen word aangaan, geag kan word om aan standarde te voldoen wat minstens net so hoog is as dié wat deur die Wet op Pensioenfondse neergelê word;
- (d) Onderskryfde fondse wat uitsluitlik deur middel van versekeringspolisse, uitgereik deur verseke-raars wat in Suid-Afrika geregistreer is, werk;
- (e) Privaat-geadministreerde fondse, d.w.s. fondse

wat hulle bydraes privaat administreer en volle verantwoordelikheid aanvaar vir die betaling van voordele aan lede, namate hierdie voordele betaalbaar word.

Van hierdie fondse is slegs privaat-geadministreerde fondse en sekere buitelandse fondse aan die bepalings van die Wet op Pensioenfondse onderhewig. Buite-landse fondse waarvan minstens 25 lede of 25 persent van alle lede, welke ook al die minste is, Suid-Afrikaanse inwoners woonagtig in die Republiek is, word gereken om pensioenfondsbesigheid in Suid-Afrika te onderneem en moet ingevolge die Wet geregistreer word. 'n Aantal van hierdie fondse hou bates in Suid-Afrika ten einde hulle verpligtings teen-oor Suid-Afrikaanse lede te dek en is onderhewig aan die bepalings van die Wet, terwyl die ander slegs waarborgpolisse, uitgereik deur versekeraars wat in Suid-Afrika geregistreer is, aan die Registrateur verskaf ten einde hulle verpligtings teenoor Suid-Afrikaanse lede te dek.

Die hoofdoel van die Wet is om te verseker dat die belange van lede van 'n pensioen- of voorsorgfonds beskerm word en dat die administrasie van die fonds gesond genoeg sal wees om nakoming van alle wettige eise teen die fonds, soos hulle betaalbaar word, te waarborg. Toesighouding oor die werksaamhede van pensioenfondse berus by die Registrateur van Pen-sioenfondse, by wie alle pensioen- en voorsorgfondse moet registreer. 'n Pensioenfonds moet 'n stel reëls vir die beheersing van sy werksaamhede opstel en die Wet skryf in besonderhede voor wat in hierdie reëls vervat moet wees. Hierbenewens kan die Registrateur ander basiese vereistes bepaal wat in die reëls geïnkorporeer moet word voordat hulle as gebaseer op gesonde beginsels beskou kan word. Die werksaam-hede van die fonds moet aan hierdie reëls voldoen. Laastens moet omvattende statistiek jaarliks aan die Registrateur verstrek word ten einde hom in staat te stel om te oordeel of die werksaamhede van individuele fondse finansiël gesond is en hy mag fondse maan om praktyke wat na sy mening nie in die beste belang van die fonds is nie, reg te stel.

Afgesien van hierdie algemene bepalings, word uit-druklike voorskrifte aangaande die beleggings van 'n fonds in die Wet neergelê. Die Wet skryf die vorm waarin ten minste 40 persent van die bates van 'n fonds gehou moet word, voor en lê sekere beperkings op die oorblywende 60 persent. Die voorgeskrewe bates wat deur pensioen- en voorsorgfondse gehou moet word, kan bestaan uit (i) kontant; (ii) saldo's by geregistreerde bankinstellings, die Nasionale Finansië-korporasie, die Landbank en die Posspaarkbank; (iii) wissels, skuldbriewe of effekte uitgereik of gewaarborg

deur die Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die Randwaterraad en ander instellings deur die Registrateur goedgekeur; (iv) Landbankobligasies; en (v) aandele van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Ingevolge 'n wysiging van die Wet in 1966 moet hierdie voorgeskrewe bates effekte van die Regering insluit wat aan minstens 10 persent van totale bates gelyk is, maar die fondse is 'n tydperk van vyf jaar toegelaat om aan hierdie vereiste te voldoen.

Hoewel die Wet slegs die vorm waarin minstens 40 persent van die bates van 'n fonds gehou moet word, voorskryf, slaan die Registrateur ook ag op die oorblywende 60 persent ten einde te verseker dat die fonds finansiëel gesond bly. Ander sake wat die aandag van die Registrateur geniet is die omvang van beleggings in vaste eiendom, die voorwaardes waarop verband- en ander lenings toegestaan word, insluitende lenings aan lede, en beleggings in werkgewermaatskappye of hulle filiale. Geen uitdruklike voorsiening word in die Wet gemaak om belegging in werkgewermaatskappye te beperk nie, maar die Minister van Finansies het van die magte wat deur die Wet aan hom toegeken word gebruik gemaak om sodanige beleggings tot 5 persent van die totale bates van 'n fonds te beperk en om vasgestelde datums neer te lê waarop hierdie beleggings tot die voorgeskrewe perk verminder moes word.

Die statistiek van pensioen- en voorsorgfondse wat in tabel S-37 aangebied word, het betrekking op fondse wat kragtens ooreenkomste ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening ingestel is, buitelandse fondse wat bates in Suid-Afrika hou, staatsbeheerde fondse en privaat-geadministreerde fondse. Onderskryfde fondse sowel as buitelandse fondse wat waarborgpolisse aan die Registrateur verskaf, word uitgesluit aangesien hulle besigheid in die statistiek wat op versekeraars betrekking het, in berekening gebring word. Aan die einde van 1966 het die statistiek ongeveer 812 fondse gedek wat bestaan het uit 14 buitelandse fondse, 19 fondse wat kragtens nywerheidsooreenkomste ingestel is, 12 staatsbeheerde fondse en 767 privaat-geadministreerde fondse.

Die jaarlikse gegewens wat in die tabel voorkom, is gebaseer op statistiek van buitelandse en privaat-

geadministreerde fondse wat in die Jaarverslae van die Registrateur van Pensioenfondse gepubliseer is, statistiek wat deur staatsbeheerde fondse aan die Reserwebank verstrekk is en statistiek wat deur fondse opgerig kragtens nywerheidsooreenkomste aan die Departement van Arbeid verstrekk is. Daar moet op gewys word dat die statistiek wat deur die Registrateur gepubliseer word, 'n opsomming van die beskikbare opgawes op die tydstip waarop die samestelling gedoen is, verteenwoordig en nie noodwendig alle pensioen- en voorsorgfondsbesigheid op daardie tydstip dek nie. Die besigheid wat nie deur die statistiek gedek word nie, moet egter as onbelangrik beskou word. Die jaarlikse gegewens wat uit die Jaarverslae van die Registrateur en van die Departement van Arbeid verkry is, is egter met behulp van steekproefgegewens wat deur die Reserwebank ingesamel is, herrangskik en in meer besonderhede ingedeel. Gebaseer op totale bates, is die Reserwebank se steekproef redelik verteenwoordigend van die totale van die verskillende groepe fondse en dek dit ongeveer 93 persent van privaat-geadministreerde fondse, 98 persent van buitelandse fondse, 75 persent van fondse wat kragtens nywerheidsooreenkomste ingestel is en 100 persent van staatsbeheerde fondse. 'n Kwartaallikse steekproefopname word ook deur die Reserwebank gedoen ten einde 'n kwartaallikse reeks van pensioen- en voorsorgfondsstatistiek te kan saamstel. Die kwartaallikse reeks moet egter as 'n benadering van totale pensioen- en voorsorgfondsstatistiek beskou word.

Algemene opmerking

Die aandag word daarop gevestig dat die reekse waarvoor seisoensaangesuiwerde syfers in die *Kwartaalblad* verskyn, hersien is. Die belangrikste redes vir hierdie hersiening is eerstens dat 'n verbeterde berekenaar-program vir seisoensuitskakeling, nl. „The X-11 Variant of the Census Method II Seasonal Adjustment Program” van die „U.S. Bureau of the Census” gebruik is en tweedens dat wysigings in die basiese syfers aangebring is. Die Bank is voornemens om in die toekoms die seisoensfaktore jaarliks te verbeter.